HOËR VOLKSKOOL HEIDELBERG

BELEID
AKADEMIESE TOEKENNING

2024

Inhoudsopgawe

1. ALGEMENE GRONDSLAG: 3

2. AKADEMIESE TOEKENNINGS 3

3. ALGEMENE REËLINGS: 3

4. TOEKENNINGSVEREISTES : 3

5. AKADEMIESE TOP TIEN EN AKADEMIESE SPAN 5

6. LEERDERS VAN ANDER SKOLE: 5

7. DUX-LEERDER 5

8. AKADEMIESE TROFEË 6

9. SKOOLBESOEK: 7

10. Wysiging van beleid 8

AKADEMIESE TOEKENNINGSBELEID

1. ALGEMENE GRONDSLAG:

1.1. Toekennings berus op ‘n grondslag van volgehoue prestasie.

1.2. Geen toekenning sal op ‘n ander basis as dié hieronder beoordeel word nie.

1.3. Wysigings of toevoegings tot hierdie vereistes (asook spesiale toekennings) kan slegs deur die skoolbestuur gedoen word, waarna dit vir goedkeuring aan die beheerliggaam voorgelê word.

1.4. Enige toekenning is ‘n voorreg en kan onder bepaalde omstandighede nie toegeken word nie/ deur die bestuur teruggetrek word indien hulle dit as regverdig beskou. Na terugtrekking mag die leerder nie meer aanspraak maak op die dra van sulke toekennings nie.

2. AKADEMIESE TOEKENNINGS

Akademiese toekennings word tydens die jaarlikse bekroningsfunksie aan leerlinge toegeken. (Indien ‘n leerling gedurende ‘n eksamen en/of formele toets afwesig is, kan hy/sy na deeglike oorweging van die bestuur in aanmerking kom vir ‘n toekenning.)

3. ALGEMENE REËLINGS:

Balkies, Prestasie- en Erekleure word oorhandig tydens Bekroningsaande.

Sertifikaat:	Lid van die akademiese span.
Balkie:	Lap balkie (gewone): Groen met geel.
Prestasiekleure:	n Gewone skoolwapen en ‘n silwer (Lurex) balkie.
Erekleure:	‘n Goue skoolwapen (Lurex) met goue (Lurex) balkie en ‘n koord.

4. TOEKENNINGSVEREISTES :

4.1. Vakprestasies:

Sertifikaat toegeken vir prestasie in’n vak:

- Graad 8 en 9 - vanaf 80% promosiepunt
- Graad 10 en 11 - vanaf 75% promosiepunt
- Graad 12 - vanaf 70% jaarpunt per vak

4.2. Die volgende toekennings word gebasseer op grond van ‘n leerder se promosiepunt-gemiddeld. (Dit is die finale rapportpunt)

	Balkie	**Prestasiekleure**	**Erekleure**	**Erepenning**
Gr 8	80% – 84%	85% +	**Slegs die Dux-leerder** indien 90%+	Geen
Gr 9	80% – 84%	85% + OF *2de Balkie	Dux-leerder indien 90%+ OF *2de Prestasiekleure	Geen
Gr 10	75% – 79%	80-84% OF *2de Balkie	85% + OF *2de Prestasiekleure	Geen
Gr 11	75% – 79%	80-84% OF *2de Balkie	85% + OF *2de Prestasiekleure	Geen
Gr 12	70% – 74%	75–79% OF *2de Balkie	80% + van Jaarpunt (SBA-punt)	Gr 10 & Gr 11 & Gr12 Erekleure **OF** 7 A’s in die Gr 12-eindeksamen

*’n Balkie/prestasiekleure kan slegs een maal opgegradeer word tot Prestasie-/Erekleure. ‘n Verdere balkie/prestasiekleure moet verwerf word voordat ‘n nuwe toekenning opgegradeer word.

5. AKADEMIESE TOP TIEN EN AKADEMIESE SPAN

TOP TIEN:

- Indien ‘n leerling gedurende ‘n eksamen en/of formele toets afwesig is, kan hy/sy na deeglike oorweging van die bestuur sy posisie op die top 10 verloor
- ‘n Leerder wat die skool verlaat, verbeur sy posisie op die Top Tien.
- Die tien leerders met die hoogste groottotaal in hul beste **6 vakke, LO uitgesluit. Wiskunde en ‘n huistaal moet ingesluit wees.** (Gr 10-12)
- Die tien leerders met die hoogste groottotaal in alle leerareas. (Gr 8,9)
- ‘n Leerder wat die skool verlaat, verbeur sy posisie op die Top Tien.

AKADEMIESE SPAN:

- Alle leerders graad 8-11 met gemiddeld van 80% +
- Alle leerders graad 12 met gemiddeld van 75% +

6. LEERDERS VAN ANDER SKOLE:

Na aansoek deur die leerder sal die HAD volgens eie oordeel ‘n meriete-besluit neem op grond van sy punte van die vorige skool en nie sy toekennings van die vorige skool nie. (Uitgesluit: Aanlynskole)

7. DUX-LEERDER

‘n Leerder wat die skool verlaat, verbeur sy posisie op die Top Tien.

Dux-leerder Gr 8 - 9:

- ‘n Leerder met die hoogste roupunt groottotaal in al 9 leerareas volgens die promosiepunt, word aangewys as die Dux-leerder. Indien daar ‘n gelykop is, word gekyk na die posisies op die top 10 vir die jaar.

Dux-leerder Gr 10 - 11

- Die leerder met die hoogste groottotaal sy beste **6 vakke, LO uitgesluit.**
- **Wiskunde en ‘n huistaal moet ingesluit wees.**
- Die promosiepunt word gebruik.
- Indien daar ‘n gelykop is, word gekyk na die top 10 posisies vir die jaar.

Dux-leerder Gr 12

- Die leerder met die hoogste groottotaal sy beste **6 vakke, LO uitgesluit.**
- **Wiskunde en ‘n huistaal moet ingesluit wees.**
- Die jaarpunt (SBA) word gebruik.
- Indien daar ‘n gelykop is, word gekyk na die top 10 posisies vir die jaar.

Beste prestasie in NSS Eksamen (Gr12 Eindeksamen)

- Die leerder met die hoogste groottotaal sy beste **6 vakke, LO uitgesluit.**
- **Wiskunde en ‘n huistaal moet ingesluit wees.**

8. AKADEMIESE TROFEË

Trofeë: Word toegeken vir die beste vakprestasie op hoogste vlak t.o.v die jaarpunt. (Minimum jaarpunt om te kwalifiseer: 75%)

8.1. Dux Trofeë

- OUD VOLKIE TROFEE: Beste Akademiese prestasie Gr 12 (Dux-leerder Gr 12)
- ACADEMY OF LEARNINGTROFEE: Gr 11 Dux-leerder
- NOPPE TROFEE: Gr 10 Dux-leerder
- NIGEL BOTTLING INDUSTRIES TROFEE: Gr 9 Dux-leerder
- NIGEL BOTTLING INDUStRIES TROFEE: Gr 8 Dux-leerder

8.2. F.S. BOTHMA TROFEE

Gr12: Beste presteerder oor vyf jaar:

Die leerling met die hoogste gemiddelde promosiepunt van Gr 8 – 12, ontvang die Francois Bothma trofee. Indien ‘n leerling in ‘n eksamen afwesig was, kan hy/sy nie kwalifiseer nie.

8.3. Vaktrofëe

- P.J. SCHABORT TROFEE: Beste prestasie Gr 12 Afrikaans Huistaal
- HUGHES McHATTIE TROFEE: Beste prestasie Gr 12 Rekenaartoepassingstegnologie

- STANDARDBANK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Besigheidstudie
- BURGEMEESTERSTROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Rekeningkunde
- HELENA du PLESSIS TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Gasvryheidstudie prakties
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Wiskunde
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Fisiese Wetenskap
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Lewenswetenskap
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Landboutegnologie
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Geskiedenis
- NOPPE TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Gasvryheidstudie Teorie
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Geografie
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Toerisme
VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Wiskunde Geletterdheid
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Ingenieursgrafika en Ontwerp
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Engels (FAL)
- VAK TROFEE:	Beste prestasie Gr 12 Lewensoriëntering
VAK TROFEE:	Beste prestasie in: Musiekstudies
	Dramatiese Kunste
	Dansstudies

9. SKOOLBESOEK:

9.1. Sertifikaat vir 1 jaar 100 % skoolbesoek.

9.2. Sertifikaat vir 5 jaar 100 % skoolbesoek.

- Bewyse moet gelewer word van 5 jaar 100% skoolbesoek.
- Enige leerder wat skuldig bevind word aan stokkiesdraai (klas of skool) of skoolbank sal nie oorweeg word vir die toekenning nie.
- ‘n Geraamde sertifikaat - 12 jaar 100% skoolbesoek.
- Bewyse van 12 jaar 100% skoolbesoek moet gelewer word.

9.3. Die toekenning word soos volg gemaak:

- 1 Jaar sertifikaat - word saam met rapporte uitgedeel aan die einde van die jaar.

- 5 Jaar sertifikaat - word bekend gemaak by bekroningsfunksie en word eers oorhandig saam met uitslae aan die einde van die jaar.
- 12 Jaar sertifikaat (Geraam) - Word bekend gemaak by die bekroningsfunksie en word eers oorhandig saam met uitslae aan die einde van die jaar.

10. Wysiging van beleid

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, aanpas of verander.

Hierdie beleid van HOëR VOLKSKOOL HEIDELBERG is aanvaar op ’n vergadering van die beheerliggaam van HOëR VOLKSKOOL HEIDELBERG en is onderteken te HEIDELBERG (GAUTENG) op hierdie _____ dag van _____ 20___.

	Naam	Handtekening
Voorsitter:	_____	_____
Ondervoorsitter:	_____	_____
Skoolhoof:	_____	_____
Adjunk (1):	_____	_____
Adjunk (2):	_____	_____